Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

VERKIESINGSUITGAWE

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXII No. 9 Prys 3c

DINSDAG, 13 AUGUSTUS 1968

STADSAAL MÔREAAND SIRKUS-ARENA

# MATIELAND GAAN STEM

## Verkiesing Vol Opwinding

**HIERDIE Studenteraadsverkiesing sal met meer as die gewone belangstelling van binne en buite dopgehou word. Die woelinge in Studenteraadsaangeleenthede op Stellenbosch die afgelope tyd het die nie altyd onkritiese belangstelling van die res van die land geprikkel. Waar Stellenbosch nou weer na die stembus gaan om sy studenteleiers te kies, kan ons verseker wees van 'n groot mate van aandagsfokus.**

Daarom is dit noodsaaklik dat elke student sy stem uitbring; daarom is dit noodsaaklik dat elke student sy stem verantwoordelik uitbring, want laat ons verseker wees daarvan dat die onus wel deeglik op ons, die studente-unie, rus om te bewys dat Stellenbosch se studente volwasse is in hulle oordeelsvermoë en oortuiging. Die wyse waarop 'n gemeenskap 'n demokratiese verkiesing hanteer, weerspieël tot 'n groot mate sy mentaliteit.



**● JOHANN MEYER is vanjaar die Stembuskonvenor. Dit sal gevolglik sy taak wees om as voorsitter by die sirkus op te tree.**

Soos voor 1961 en in 1964 laat die Stembuskomitee vanjaar die name van die voorstellers en die sekondante weg vir publikasiedoeleindes. Die redes hiervoor is veelvuldig, maar veral omdat dit my oortuiging is dat Stellenbosch objektief moet kies tussen manne wat heeltemal op hulle eie meriete en oortuigings staan. Dit is in lyn met die funksie van die Stembuskonvenor wat geheel en al onpartydig die verkiesing reël. Dit is my oortuiging dat hierdie reëling alle kandidate 'n gelyke kans bied.

Ek doen 'n spesiale beroep op die studente-unie om te let op u gedrag tydens die „sirkus". Die stadsaal is onder die strengste voorwaardes aan ons verhuur en daarom wil die Studenteraad ten alle koste nie 'n herhaling hê van die laakbare gedrag van die stuk of tien man wat by vorige geleenthede vanjaar met eiers en dies meer gegooi het nie. Die Studenteraad vra sommer by voorbaat dat die onderskeie Huiskomitees sal saamwerk om hierdie elemente te verwyder.

Met die nodige gesonde belangstelling en kritiese evaluering vanaf die kant van ons, die studente-unie, beloof dit om 'n interessante en selfs opwindende verkiesing te wees.

JOHANN MEYER
*(Stembuskonvenor).*

**LET WEL!**

**Die poste op Die Matie-redaksie van 1969 word op die agterblad geadverteer.**




**● Die Stembuskomitee wat verantwoordelik is vir al die verkiesingsreëlings is (v.l.n.r.): Calvyn Potgieter, Christoff Pauw, Christo Lombard (O-konvenor), mej. Elmarie du Plessis, Pierre de Villiers, Bennie van Rensburg.**

## Hier is die Stemprosedure

ELKE Matie wat stem (en dit behoort almal te wees!) moet die volgende weet om die regte stemprosedure te volg en sodoende verwarring en bedorwe stembriefies te voorkom:

● 1. **Stemlokale:** Daar sal stembusse wees (a) vir die inwoners van universiteitskoshuise by hul onderskeie koshuise, (b) vir privaatstudente by die universiteitsgeboue soos uiteengesit in die skema, (c) vir die militêre studente te Saldanhabaai.

● 2. **Stemreg:** Alle ingeskrewe studente van die Universiteit wat ten minste een semester lid van die studente-unie was, is stemgeregtig; met dien verstande dat studente wat inskryf slegs om eksamen af te lê, of slegs 'n skripsie in te lewer nadat hulle verpligte tydperk van residensie reeds afgeloop is, nie lede is nie en dus ook nie stemgeregtig is nie. 'n Eerstejaarstem dra tweederdes van die gewig van 'n gewone stem.

● 3. **Kieserslys:** Die kieserslys bestaan uit lede stemgeregtig op nominasiedag. Besware met betrekking tot die kieserslys word op verkiesingsdag by die voorsitter van die Stembuskomitee in die SR-lokaal gemaak; welke besware onmiddellik afgehandel word. Persone wie se name nie op die kieserslys verskyn nie, wat hulle lidmaatskap byvoorbeeld deur middel van 'n registrasiekaartjie kan bewys, kan in die SR-lokaal by 'n spesiale stembus stem.

● 4. **Stemprosedure:** Stemming geskied persoonlik per geslote stembriefie. Die stembrief, wat slegs deur die stembeamptes verskaf word, bestaan uit 'n alfabetiese rangskikking van al die genomineerde kandidate, met 'n blokkie agter elke naam. 'N KIESER MAG VIR SOVEEL OF SO MIN KANDIDATE STEM AS HY WIL, MAAR NIE VIR MEER AS 12 NIE. 'n Kieser stem vir 'n betrokke kandidaat deur 'n kruisie in die blokkie agter sy naam te trek.

Alle nuwe lede (d.w.s. historiese eerstejaars en seniors wat vir die eerste maal op Stellenbosch ingeskryf is) sal op groen stembriefies stem, terwyl almal wat reeds 'n jaar op Stellenbosch studeer het, op wit stembriefies sal stem.

Die stembeampte verskaf 'n stembrief aan 'n kieser wie se naam op die kieserslys is, en sodra 'n persoon 'n stembrief ontvang het, word sy naam van die kieserslys geskraap. Na elke stemming word die betrokke stembriefie in die geslote stembus in die stemlokaal geplaas. Elke kieser is geregtig op 'n nuwe blanko-stembriefie by die inhandiging van 'n beskadigde een.

● 5. **Stemtyd:** Die stemming vind stiptelik tussen 8.00 vm. en 3.00 nm. plaas.

● 6. **Stemonreëlmatighede:** Volgens reël 15 van die nuwe grondwet is die stembuskomiteevoorsitter bevoeg om reëls neer te lê en beslissings te vel betreffende: (a) die geldigheid van stembriewe en (b) onbehoorlike stemwerwery. Voorlopig geld hierdie definitiewe reël dat daar geen vorm van stemwerwery in en in die onmiddellike omgewing van enige stemlokaal toegelaat sal word nie.

Enige besware betreffende onreëlmatighede tydens die verkiesing word onmiddellik by die stembuskomiteevoorsitter aangemeld, wat sal handel na eie goeddunke.

'n Kennisgewing van die verkose kandidate en die totale aantal stemme op elkeen uitgebring, saam met die persentasie stemme uitgebring, word as voorlopige uitslag aangebring onmiddellik nadat die stemtelling voltooi is.

Die verkiesing word geag geldig te wees: (a) Indien geen aansoek betreffende die geldigheid van die verkiesing by die voorsitter van die Studentehof ingedien is binne 24 uur na die bekendmaking van die uitslag nie; of (b) Indien die Studentehof ten gunste van die geldigheid van die verkiesing beslis, en geen kennisgewing van appèl binne twee (2) universiteitsdae ingedien is nie, of geen Appèlhof saamgestel is nie; of (c) Indien die Appèlhof ten gunste van die geldigheid van die verkiesing beslis. (Verwys Artikels 17 en 18 van die nuwe Grondwet.)

U samewerking word op prys gestel. Baie dankie.

**Christo Lombard**
*(O/Stembuskonvenor).*

*Hierdie uitgawe van DIE MATIE is geredigeer deur Ignatius van der Westhuizen.*



**„Omkoop . . ."**

# 18 KANDIDATE



## ELWIL BEUKES

5de Jaar

B.Sc. B.A. (Handel) II

### ONDERVINDING:

1967: Dagbreek-huiskomitee; Lid van Verenigingskomitee van SR; Lid van ASB-komitee van SR; Wyksraadslid van NP.

1968: Dagbreek-huiskomitee; Lid van Verenigingskomitee van SR; Lid van ASB-komitee van SR; Tesourier van bestuur van ASVS; Lid van afvaardiging na ASB-kongres; Hoofbestuur van ASB.

### BELEID:

**(1) Ek onderneem om, met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing as uitgangspunt, die gemeenskaplike belange van Stellenbosch se studente na die beste van my vermoë te bevorder.**

**(2) Ek sal my doelbewus beywer om die karakter van die Universiteit van Stellenbosch, soos deur sy geskiedenis ontwikkel, te handhaaf en verder uit te bou.**

☆ ☆ ☆

## LOUIS DUPLESSIS

4de Jaar

Honns. Staatsfilosofie

### ONDERVINDING:

1964: Ná militêre opleiding: Dien as Nuusverslaggewer in die Redaksie van **Die Burger.**

1965: Lid van Verspreiding in Redaksie van **Die Besem;** Lid van Wyksraad van Nasionale Party se Studentetak; Deelnemer aan Afrikaanse CSV se Stranddienste; Verower tweede plek in Junior Redenaarswedstryd; Leier van Eerstejaars van PSO se Boereorkes.

1966: Kringleier op Afrikaanse CSV se kamp; Lid van Wyksraad van Nasionale Party se Studentetak; Sangleier van Sendingwerkgroep van Vlottenburg; Spreker vir Nasionale Party op Politieke Massavergadering van Debatsvereniging; Junior Onder-offisier in Suid-Afrikaanse Weermag; Lid van Bestuur van Debatsvereniging; Lid van Reëlingskomitee vir Studenteleierskursus van Afrikaanse Studente bond; Verower die Eerste plek in Junior Redenaarswedstryd; Verower die eerste plek in Wolnitredenaarswedstryd; Spreker vir Nasionale Party se Bantoebeleid voor Studente in Staatsfilosofie.

1967: Sendingredakteur van Afrikaanse CSV-blad **Taknuus;** Kringleier van Afrikaanse CSV; Lid van Redaksie van Wilgenhof se Nuusbrief; Busleier van Sendingwerkgroep van Vlottenburg; Beoordelaar van Redenaarswedstryd vir Eerstejaars; Senior Onder-offisier in Suid-Afrikaanse Weermag; Lid van Bestuur van Studentetak van Nederlands-Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap; Sekretaris in Bestuur van Besprekingsklub van Wilgenhof; Besoeker by Kongres van Afrikaanse Studentebond in Bloemfontein; Tesourier in Bestuur van Debatsvereniging; Verower Vergulde Sertifikaat in Afrikaanse Inter-universitêre Redenaarswedstryd in Bloemfontein; Taalkundige Subnuusredakteur in Redaksie van **Die Matie;** Lid van Nederlandse Studentekorrespondensie in Subkomitee vir Buitelandse Studentebetrek-



kinge van Afrikaanse Studentebond; Skrywer van ses artikels in **Die Matie** se rubriek: Ek skryf wat ek wil!; Lid van Wyksraad van Nasionale Party se Studentetak; Deelnemer aan Joernalistieke Kursus van Publikasiekomitee.

1968: Leier van Stellenbosse Hervormingsbeweging; Voorsitter van Debatsvereniging se Grondwetkomitee; Openbare kritikus van toesprake op Interkoshuisdebat; Senior Onder-offisier in Suid-Afrikaanse Weermag; Lid van Redaksie van Wilgenhof se Nuusbrief; Ondervoorsitter in Bestuur van Debatsvereniging; Lid van Bestuur van Studentetak van Nederlands-Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap; Opsteller van Nuwe Tipe Ledekaarte en Koshuisafkondigingsvorms van Debatsvereniging; Lid vir Studentedekor in Intervarsitykomitee van Studenteraad; Tydelik Nuusredakteur in Redaksie van **Die Matie;** Beoordelaar van Toesprake op Ingenieurs se Gorrelklub; Skrywer van die Drie Vlugskrifte: **„Weg met ASB!", „Vryheid! Vryheid! Vryheid!"** en **„Slegs aan Denkende Stellenbosse Studente";** Hoofredakteur van Wilgenhof se Reüniedagblad **De Fluitje;** Skrywer van Drie Artikels in **Die Matie;** Voorsteller van Mosie op Monstervergadering dat Studenteraad as Lid van ASB bedank; Deelnemer aan Leierskursus van Afrikaanse Studentebond; Spreker oor die Noodsaaklikheid van Suid-Afrikaanse Eenheid voor SACS se Discussion Group; Deelnemer aan die Gesamentlike Vergadering van Studente in Filosofie van Kaapstad en Stellenbosch; Voorsitter van Bestuur van Wilgenhof se Besprekingsklub; Besoeker en Spreker by die Kongres van Afrikaanse Studentebond.

### BELEID:

**(1) Die ASB moet God alleen vrees, christelik optree, getrou aan Suid-Afrika, en nie SA minag soos sommige NUSAS-manne nie. Die SR moet deeglik werk, alle studente verteenwoordig en nie een kliek nie, en soos leiers optree.**

**(2) In 1968 het ons ASB suksesvol radikaal hervorm! Ten spyte van verwarrende persberigte oor die ASB-kongres, weet die afgevaardigdes dat ek uitdruklik aan hulle gesê het dat ek die ou outokratiese affiliasie sowel as die ou verdagmakende ASB-kliek — soos altyd — totaal verwerp! Die nuwe demokratiese ASB steun ek heelhartig!**

**(3) In 1969 moet die SR die Stellenbosse hervorming voortsit. Dit beteken: Die SR moet:**

**(a) 'n nuwe eenkleurige Matiebaadjie instel;**

**(b) weier om eredoktorsgrade te erken;**

**(c) intervarsitydro m p o p p i e s teen fotograwe beskerm;**

**(d) drie nuwe komitees aanstel: (i) 'n Sangkomitee, (ii) 'n Hoofdoopkomitee, (iii) 'n Internasionale Komitee;**

**(e) intekentyd by dameskoshuise later maak en laatverlofkryprosedure vereenvoudig; en**

**(f) versoek dat die universiteitsowerheid die doop onmiddellik amptelik erken.**

☆ ☆ ☆

## ANTON FICK

4de Jaar

B.Sc. III, B.A. I (Regte)

### ONDERVINDING:

1967: Bestuur, US-Swemduikklub.

1968: Bestuur, US-Swemduikklub; Protesleier teen Studente-uitbuiting.

### BELEID:


**(1) Dit is my voorneme om op ELKE vlak my medestudente se belange te dien.**

**(2) My lewensbeskouing is Christelik; dit is in navolging van die leer van Christus, en nasionaal; dit is in diens van die saak van die HELE Suid-Afrika, en nie slegs van 'n geslote groep binne Suid-Afrika nie.**

**(3) Ek glo dat probleme tussen mense t.o.v. godsdiens, taal en kultuur opgelos kan word deur OPE GESPREK en nie deur 'n bevooroordeelde standpunt in te neem nie.**

**(4) Ek glo aan DAADWERKLIKE samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente.**

**(5) As Afrikaanssprekende student steun ek die ASV en die PRAKTIESE bevordering van die**



**Afrikaanse kultuur, maar verwerp die ou, outokratiese ASB met sy ipso facto-lidmaatskap en onverdraagsame, verdagmakende houding wat laasgenoemde soms in die verlede openbaar het.**

**(6) Ek steun SASKI omdat dit noodsaaklik is om GOEIE VERHOUDINGE met buitelandse studente op te bou en hulle in te lig omtrent die vreedsame situasie in Suid-Afrika, wat met trots na buite vertoon kan word.**

☆ ☆ ☆

## ANDREW GERBER

6de Jaar

B.Th. III

### ONDERVINDING:

1963: Wenner Eerstejaars-redenaarskompetisie.

1964: Lid Wyksraad Nasionale Party — studentetak; Redaksielid **Admissiebondblad;** ACSV-kringleier.

1965: Lid US-Debatsbestuur; Lid van die Komitee vir Openbare Betrekkinge; Sekretaris van die Admissiebondbestuur; Redakteur **Admissiebondblad;** Redaksielid **Die Matie;** Lid ASB-komitee; Afgevaardigde na die ASB-kongres; Redakteur **Die Eiffel.**

1966: Tesourier US-Debatsbestuur; Wenner Senior Redenaarskompetisie; Tweede in inter-universitêre Redenaarskompetisie; Lid ASB-komitee; Afgevaardigde na die ASB-kongres; Lid Intervarsity-komitee; Redakteur **Die Eiffel;** Wenner Junior Kweekskool-Redenaarskompetisie; ACSV-kringleier.

1967: Voorsitter US-Debatsvereniging; Wenner Wolnit-Redenaarskompetisie; Lid Dagbreek-huiskomitee; Lid Publikasiekomitee; Lid Studentevariakomitee.



1968: Lid US-studenteraad; Voorsitter ASB-komitee; Ondervoorsitter Intervarsity-komitee; Lid Inter-universitêre Komitee; Beoordelaar Wolnit- en Eerstejaars-redenaarskompetisies.

### BELEID:

**(1) Tot diens van die studente-unie met die doel om die Christelik-nasionale karakter van Stellenbosch uit te bou.**

**(ii) Ek sal poog om van die studente-unie 'n mandaat te verkry waarin hy sy hoogste verteenwoordigende liggaam die geleentheid bied om amptelik te skakel met ons ander Afrikaanse universiteite. 'n Vereniging (of dit die ACSV is en of dit die ASVS is) kan nie die studente-unie van Stellenbosch se saak stel nie, maar slegs dié van 'n sekere groep. Dit is dringend noodsaaklik dat Stellenbosch 'n platform sal hê waar hy amptelik sy stem kan laat hoor. In ons huidige situasie is dit slegs moontlik deur SR-affiliasie by die ASB.**

☆ ☆ ☆



## COBUS GRABE

5de Jaar

B.Sc. B.Ing. III

### ONDERVINDING:

1963: Militêre opleiding in Leërgimnasium; Voorsitter van Reëlingskomitee vir Afskeidsdans in Leërgimnasium.

1966: Waarnemer by Kongres van Afrikaanse Studentebond op Stellenbosch; Deelnemer aan Studenteleierskursus van Afrikaanse Studentebond; Lid van Stembuskomitee vir Studenteraadsverkiesing.

1967: Lid van Studenteraad se Komitee vir Kleureksamen; Ondervoorsitter van Stembuskomitee vir Studenteraadsverkiesing.

1968: Lid vir Vlotte in Karnavalkomitee van Studenteraad; Voorsitter van Stembuskomitee vir Referendum oor heraffiliasie by Afrikaanse Studentebond.

### BELEID:

**Bewus van die hoë eise en verantwoordelikhede wat dit sal inhou, sal ek na die beste van my vermoë poog om hierdie Studente-unie te dien.**

Argief
Studenteraad.
Mag nie verwyder word nie



# OM VAN TE KIES



## DIRK HERTZOG

4de Jaar

LL.B.II

### ONDERVINDING:

1965: Redaksielid **Vires Unitatis.**

1966: Lid Komitee vir Openbare Betrekkinge; Redaksielid **Die Matie;** Sekretaris SAAK-Bestuur; Juniorkoshuiskomitee; Sub-redakteur **Vires Unitatis;** Redaksielid **Die Stellenbosse Student;** Lid Stembuskomitee; Deelnemer Matiespan se interuniversitêre vasvrareeks.

1967: Huiskomiteelid Eendrag; Lid Komitee vir Openbare Betrekkinge; Nuusredakteur **Die Matie;** Redakteur **Die Besem;** Lid Intervarsity-komitee; Voorsitter SAAK-Bestuur; Sekretaris US-Skaakklub-bestuur; Redaksielid **Akkerjol;** Reëlingskomitee Joernalistiekweek; ASB Buitelandse Betrekkinge-komitee; Redakteur **Die Stellenbosse Student;** Bestuurslid Nederlands-Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap-studentetak; Sameroeper en deelnemer inter-universitêre „Pick-a-Box"-vasvra; Lid Afvaardiging ASB-kongres; Leier Matie-afvaardiging Afrikaanse Studente-persunie (ASPU)-konferensie.

1968: Hoofredakteur **Die Matie;** Hoofbestuurslid ASPU; Leier Matie-afvaardiging ASPU-konferensie; Redakteur **Akkerjol;** Lid Karnavalkomitee; Sekretaris Juridiese Vereniging-bestuur; O.-primarius Eendrag.

### BELEID:

**(1) Om my portefeulje aktief, ondernemend en verbeeldingryk te behartig.**

**(2) Om samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes op 'n praktiese en realistiese wyse te bevorder op gebiede van gemeenskaplike belang. Dit kan alleen bydra tot die verhoging van wedersydse begrip en waardering. Die kultuur-eiendomlike erfenis van elk moet egter steeds positief getakseer word.**

**(3) Om die waarde van elke individuele student vir Stellenbosch en sy goeie naam te erken en te benut.**

**(4) Om my deurentyd te laat lei deur Christelike beginsels en nasionale trou.**

## GERHARD KOEN

8ste Jaar

Dipl. Teol. III

### ONDERVINDING:

**Student aan Universiteit van Pretoria.**

1961: Skryf in aan UP.

1962: Joolbladredaksie.

1963: CSV-Bestuur; Voorsitter Sosiaalkomitee van die CSV.

1964: Sekretaris Huis Taaibos-Seniorbond; Voorsitter Reëlingskomitee van Konsertgroep vir Kerkboufonds.

1965: Sekretaris Taaibos-huiskomitee 1964/65; Toerleier van Konsertgroep vir Kerkboufonds.

**Student aan Universiteit Stellenbosch.**

1966: Skryf in aan US.

1967: Tesourier ASB-komitee; US-Afgevaardigde na negentiende Bondskongres van die ASB; US-Referent by negentiende Bondskongres van die ASB; Voorsitter Studenteleierskursus.

1968: Tesourier ASB-komitee; Sekretaris van nuutgestigte ASVS; Voorsitter Junior Rapportryerskorps van US; Sekretaris redaksie **Saamsoek** 1967/68; **Polumnia**-bestuur; Subredakteur **Polumnia-blad.**



### BELEID:

**(1) Ek sal vanuit my Christelike lewens- en wêreldbeskouing probeer om die belange van die studente-unie so goed as moontlik te behartig.**

**(2) Ek is ten gunste van studenteraadskakeling met ander Afrikaanse universiteite en kolleges, asook vir kontak op studenteraadsvlak met die Engelse universiteite.**

☆ ☆ ☆

## OTTO KOSSAR

5de Jaar

B.A. (Regte) III

### ONDERVINDING:

1962/63: Werk in Departement van Justisie; Militêre Opleiding.

1964: Koshuisverteenwoordiger **US Skaakklub;** Koshuisverteenwoordiger **US Debatsvereniging.**

1965: Koshuisverteenwoordiger **US Skaakklub.**

1966: Hoofinligtingsbeampte van 18de **ASB Kongres;** Deelnemer **ASB** Studenteleierskursus; Sekretaris **US Skaakklub.**

1967: Stigter van **SOOS,** Stellenbosse Organisasie vir Oorsese Studentekontak; Vise-Voorsitter en Algemene Sekretaris **SOOS;** Medestigter van **SASKI,** Suid-Afrikaanse Studente Kontak Internasionaal.; Vise-Voorsitter en Organiserende



Sekretaris **SASKI;** Voorsitter **US Skaakklub;** Redaksielid **DIE MATIE;** Deelnemer **ASB** Studenteleierskursus; Deelnemer **Joernalistieke kursus;** ASPU-verteenwoordiger; Koshuisverteenwoordiger **US Debatsvereniging.**

1968: Vise-Voorsitter en Organiserende Sekr. **SASKI;** Voorsitter **US Skaakklub;** Redaksielid **AKKERJOL;** Redaksielid **CONTACT.**

### BELEID:

**(a) Ek stel myself tot diens van die Studente-Unie.**

**(b) In die uitvoering van sodanige verpligtings sal ek ten alle tye poog om Suid-Afrika en Stellenbosch se goeie naam uit te bou.**

**(c) Samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, is noodsaaklik: en daarom sal ek myself beywer vir nouer skakeling tussen die twee taalgroepe op Stellenbosch.**

**(d) Kontak met oorsese studente is 'n moet! Suid-Afrika se toekomstige goeie beeld oorsee is daarvan afhanklik. Dus sal ek poog om op Studenteraadsvlak met oorsese Universiteite te skakel, asook om uitruilstudente nouer te betrek in ons studentegemeenskap.**

**(e) Tydens vakansie moet die Studenteraad reël dat Universiteitskoshuise vir senior sowel as nagraadse studente oopgestel moet word.**

**(f) Ek sal my beywer vir 'n meer doeltreffende organisering van die Studenteraad en sy Subkomitees.**

☆ ☆ ☆

## ALEX LUTTIG

5de Jaar

B.Th. I

M.A. (Sielkunde)

### ONDERVINDING:

1966: Redakteur Admissiebondblad.



1967: Simonsberg - huiskomitee; Sangfeeskomitee; Toerleier Admissiebondkonserttoer.

1967/68: ASB-komitee; Direkteur van Werkverskaffingsburo.

1968: Simonsberg - huiskomitee, sekretaris; Verenigingskomitee; ASVS-bestuur.

1968/69: ASB-hoofbestuur.

### BELEID:

**As 'n christen met 'n liefde vir dit wat my eie is, stel ek my tot diens van die studente-unie.**

☆ ☆ ☆

## PIETER LE ROUX

3de Jaar

B.Com. (Regte) III

### ONDERVINDING:

1964/65: Militêre opleiding; AFS-beurs.

1966: NP-Wyksraad van Studentetak.

1967: Redaksie **Die Simonsberger;** SAAK (sekretaris); AIESEC (komiteelid); ASB-subkomi-



tee vir Buitelandse Studente Betrekkinge.

1966 — Mei 1968: Forumbeheerraad.

1968: SAAK (voorsitter); Simonsberg - Besprekingsvereniging (voorsitter).

### BELEID:

**Ek is bereid om voluit te werk om die volgende te verwesenlik:**

**Op inter-universitêre vlak:**

**(1) Nou voeling met die Afrikaanse universiteite d.m.v. die ASB-vereniging (ASVS).**

**(2) Gereëlde kontak tussen alle Engelse en Afrikaanse universiteite d.m.v. die Studenterade.**

**(3) Verantwoordelike kontak met nie-blanke universiteitskolleges, veral Wes-Kaap, op die basis wat in die SR-voorsitter se jaarverslag uiteengesit is.**

**Hierbenewens moet die Studenteraad aktief na die belange en die begeerte van die studente omsien, byvoorbeeld:**

**(1) Skep studente-dosente-komitees of ander kanale waarlangs verantwoordelike studente-klasgeemetodes, kursusse, ens., met die dosente kan bespreek.**

**(2) Organiseer geleenthede vir alle belangstellende studente om vakansiehulp aan ontwikkelende gebiede te gee (soos reeds gedoen deur die Mediese Fakulteit).**

**(3) Heroorweeg onrealistiese reëls (bv. koshuisdanse, biblioteekure).**

**In die algemeen sal ek my beywer vir 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme gebaseer op Christelike beginsels en vir 'n gesonde, vrugbare en aktiewe studentelewe.**

☆ ☆ ☆



## GEOFF McMINN

4de Jaar

Honneurs

Staatsfilosofie

### ONDERVINDING:

1962/64: Doen statistiese werk by 'n motorfabriek.

1965: Begin studies op Stellenbosch.

1967: Medestigter SASKI — Suid-Afrikaanse Studente Kontak Internasionaal; Voorsitter SASKI; Lid Eendrag-Besprekingskring se bestuur; Lid Eendrag-Musiekkomitee.

1968: Voorsitter SASKI; Lid Majuba-Sangfeeskomitee.

### BELEID:

**Ek baseer my kanditatuur eerstens op my geloof in Christelike waardes en, tweedens, op 'n onwankelbare trou aan my land en 'n begeerte om Suid-Afrika se beste belange te alle tye te dien.**

**Ek sal my veral op die volgende toespits:**

**A. Ons moet die leiding neem om die huidige kloof tussen Afrikaanse en Engelse universiteite te oorbrug en om 'n federale struktuur tot stand te bring wat hierdie universiteite sal omvat. Die huidige situasie is skadelik en ongelukkig. Ons moet ywerig en verbeeldingryk probeer om dit reg te stel.**

**Vandag het ons ook 'n verantwoordelikheid teenoor ons land vir die verbetering van 'n inter-**

**nasionale verstandhouding in soverre dit Suid-Afrika raak.**

**B. Ek sal strewe vir 'n hegter samewerking tussen die SR en die Universiteitsraad wat onderrigmetodes en verwante sake betref. Ook sal ek my beywer om te alle tye te verseker dat SR-besluite 'n WARE weerspieëling van die meerderheidsgevoel van hierdie Studente-unie is.**

☆ ☆ ☆

## THYS SMITH

5de Jaar

B.Th. II

### ONDERVINDING:

1965: Lid van die Admissiebondbestuur; Lid van Dagbreek-Tweedejaar-komitee; Lid van Junior-Rugbykomitee van Universiteit Stellenbosch; ACSV-kringleier.

1966: Sekretaris van Admissiebondbestuur; ACSV-kringleier.

1967: Lid van Dagbreek-Huiskomitee; Lid van Sending-komitee van ACSV; ACSV-kringleier.

1968: Lid van Dagbreek-Huiskomitee; Onder-primarius van Dagbreek (vanaf Junie); Lid van ACSV-bestuur; Diaken N.G. Kerk.



### BELEID:

**(1) As christen en Afrikaner is dit my strewe om die karakter eie aan Stellenbosch te handhaaf.**

**(2) Met bogenoemde as uitgangspunt is dit my voorneme om diens te lewer aan hierdie Studente-unie na die beste van my vermoë.**

☆ ☆ ☆

## BOBBIE SCHERRER

8ste Jaar

B.Th. III


### ONDERVINDING:

1962: CSV-kringleier; Ondervoorsitter Vereniging vir Sosiologie en Maatskaplike Werk.

1963: Sekr./Tes. Admissiebondtoerbestuur.

1965: Sekretaris **Vires Unitatis** (Koshuispublikasie); Bestuurslid Geografievereniging; Lid ASB-komitee; Lid Afvaardiging ASB-kongres, Heidelberg, Transvaal.

1966: Lid Eendrag-huiskomitee; Tesourier ASB-komitee; Lid Afvaardiging ASB-kongres, Stellenbosch; Tesourier



Werkverskaffingsburo.

1967: Lid Studenteraad; Sekretaris Eendrag-huiskomitee; O.-voorsitter ASB-komitee; Voorsitter Intervarsitykomitee; Lid Afvaardiging ASB-kongres, Bloemfontein; Tesourier Junior Rapportryerskorps US; Lid ASB-Hoofbestuur; Direkteur van Buitelandse Toere.

1968: Lid Studenteraad; Tesourier en lid Uitvoerende Komitee SR; Voorsitter Advertensieburo SR; Voorsitter Leningskomitee SR; Ondervoorsitter Junior Rapportryerskorps US; Direkteur van Buitelandse Toere ASB-Hoofbestuur.

### BELEID:

**(1) Ek stel my tot diens van die Studente-unie.**

**(2) Dit is my strewe dat Stellenbosch getrou sal bly aan sy Christelik-nasionale karakter.**

☆ ☆ ☆

## HENDRIK VERWOERD

10de Jaar

B.Th. III

### ONDERVINDING:

1960: Voorsitter van die Stellenbosse Studentetak van die NP.

1961: Voorsitter van die Stellenbosse Studentetak van die NP.

1963: Lid van die Transkeiwerkerskampkomitee.

1964: Leier van die Transkeiwerkerskampkomitee.

1965: Lid van Admissiebondbestuur.

1967: Tesourier Redaksie **POLUMNIABLAD**; Tesourier Teologiese Studente-Sendingvereniging.

1968: Sekretaris van TSSV.



### BELEID:

**(a) Ek erken die woord van God as my hoogste gesag.**

**(b) My calvinisties-protestantse geloofsoortuiging en my verbondenheid aan die Afrikanervolk is die twee basiese rigtinggewende beginsels vir my optrede en besluite. Ek stel my tot diens van die studente-unie om hierdie beginsels op Stellenbosch te help bevorder.**

**(c) 'n Belangrike manier om die Christelike Afrikanerkarakter van Stellenbosch te bevestig en te dien is om op studenteraadsvlak amptelik verenig te wees met ander universiteite waar dieselfde lewensbeskouing geld. Daarom sal ek my beywer daarvoor om Stellenbosch se SR weer by die ASB te laat affilieer.**

**(d) Samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes moet doelgerig wees en op die basis van wedersydse erkenning van 'n eie identiteit geskied. Skakeling met mekaar bloot ter wille van skakeling is nutteloos.**

☆ ☆ ☆



## JENA VAN ZYL

3de Jaar

B.A. III

### ONDERVINDING:

1968: Redaksielid **DIE MATIE**; Huiskomiteelid Harmonie.

### BELEID:

**Ek onderneem om die Studente-unie tot diens te wees en die gemeenskaplike belange van die Stellenbosse student na die beste van my vermoë te bevorder op die grondslag van ons Protestants-Christelike kultuurerfenis.**

☆ ☆ ☆

## PIETER VAN HUYSSTEEN

5de Jaar

M.Comm.

### ONDERVINDING:

1965: Voorsitter Junior Breëbestuur; Lid van intervarsitykomitee; Lid van afvaardiging ASB-kongres; Lid van ASB-komitee 1965/66.

1966: Huiskomiteelid Huis Marais; Lid US afvaardiging ASB-kongres; Organiseerder ASB-kunsfees.

1967: Lid van die Studenteraad 1966/67; Lid van Uitvoerende Komitee SR; Voorsitter




ASB-komitee; Primarius Huis Marais; o./voorsitter Nasionale Party studentetak; o/voorsitter Junior Rapportryerskorps US; Leier van US afvaardiging ASB-kongres.

1968: O/Voorsitter Studenteraad 1967/68; Voorsitter Openbare betrekkinge; Voorsitter Erekleurekomitee; Voorsitter Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch; Leier van ASVS-afvaardiging ASB-kongres.

### BELEID:

**Dit is my opregte voorneme om die studente-unie te dien op 'n wyse wat eie is aan die karakter van Stellenbosch — tot uitbouing van hierdie karakter — tot eer van God, met Sy Woord as my rigsnoer.**

☆ ☆ ☆



## BASJAN WOLMARANS

5de Jaar

B.Th. II

### ONDERVINDING:

1965: CSV-kringleier; Redaksielid **Die Eiffel.**

1967: ACSV-kringleier.

1968: Huiskomiteelid Dagbreek; Lid ASB-komitee tot met ontbinding; Tesourier US-Debatsvereniging; Gekies as voorsitter US-Debatsvereniging 1968/69.

### BELEID:

**Ek is 'n christen. Daarom sal ek in die uitvoering van my pligte, sowel as die neem van besluite, my laat lei deur die Heilige Skrif as norm.**

☆ ☆ ☆

## NATO ZONDAGH

4de Jaar

LL.B. II

### ONDERVINDING:

1967: Nuusverslaggewer **DIE MATIE**; Lid ASB-komitee; Waarnemer ASB-kongres Bloemfontein.

1968: Diaken NG-Gemeente Stellenbosch-Sentraal; Nuusredakteur **DIE MATIE.**

### BELEID:

**(1) Primêr stel ek my tot diens van hierdie Studente-unie.**

**(2) By die hantering van elke situasie sal ek my deur my christelike oortuiginge laat lei.**



**REDAKSIONELE POSTE DIE MATIE 1969**

Aansoeke om op die redaksie van **Die Matie** vir 1969 te dien word tot Vrydag, 23 Augustus, ingewag by: Die Voorsitter, Publikasiekomitee, SR-kantoor, Sanlamgebou, Stellenbosch.

Die poste beskikbaar is dieselfde as in 1968. Aansoeke moet vergesel wees van 'n lys van ondervinding sowel as 'n berig van nie langer dan 250 woorde nie.



**...Afgetjop!!**

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Firstraat 1, Observatory, vir die Studenteraad, Stellenbosch.